

338/09

IN DIE HOOGSTE HOF VAN APPEL VAN SUID - AFRIKA
(gehou te Bloemfontein)

HHA SAAKNOMMER:

TPA SAAKNOMMER: A 774/07


In die saak tussen:

MOSTERT: JACOBUS PC (SNR)

MOSTERT: JACOBUS PC (JNR) 23 -07- 2009

EN

DIE STAAT



APPELLANT 1

APPELLANT 2

RESPONDENT
(en Teenappellant)

LIASSERINGSKENNISGEWING

DOKUMENTE:

1. Respondent se praktyksnota
2. Respondent se betoogshoofde
3. Addendum tot respondent se betoogshoofde
4. Aanhangsel "A" tot respondent se betoogshoofde

DATUM OP ROL:

NOG NIE GEALLOKEER NIE

GELIASSEER DEUR:

**ADVOKAAT VAN DIE RESPONDENT
OP INSTRUKSIES VAN DIE DIREKTEUR VAN OPENBARE
VERVOLGINGS, PRETORIA**

AAN:

**DIE GRIFFIER VAN DIE HOOGSTE HOF VAN APPEL
BLOEMFONTEIN**

EN AAN:

**DIE GRIFFIER VAN DIE HOOGGEREGSHOF
PRETORIA**

EN AAN:

**PROKUREUR VIR DIE APPELLANTE
COERT JORDAAN PROKUREURS
2DE VLOER, PERMANENTE GEBOU
BROWNSTRAAT
NELSPRUIT
Tel: 013 752 4736/082 570 5523
Faks: 013 752 4899**

ONTVANG 'n KOPIE HIERVAN OP HIERDIE DAG VAN 2009

PROKUREUR VIR APPELLANTE

IN DIE HOOGSTE HOF VAN APPÈL VAN SUID - AFRIKA
(gehou te Bloemfontein)

HHA SAAKNOMMER:

TPA SAAKNOMMER: A 774/07

In die saak tussen:

MOSTERT: JACOBUS PC (SNR)

APPELLANT 1

MOSTERT: JACOBUS PC (JNR)

APPELLANT 2

EN

DIE STAAT

RESPONDENT
(en Teenappellant)

RESPONDENT SE PRAKTYKSNOTA

1. DATUM VAN AANHOOR VAN DIE APPÈL: Moet nog bepaal word.

2. GESKATTE TYDSDUUR: 3 URE

3. ADVOKATE:

3.1 NAMENS APPELLANTE: Onbekend—waarskynlik die prokureur van rekord self

3.2 NAMENS RESPONDENT: L KOK (Tel. 083 625 1706)

4. DRINGENDHEID: Geen besondere dringendheid nie

5. AARD VAN DIE APPÈL:

Die appellante appelleer teen sowel die skuldigbevindinge, as die vonnisse en die respondent appelleer teen die tersydestelling van die skuldigbevindinge en vonnisse ten opsigte van aanklagte 1 en 2.

6. ASPEKTE IN GESKIL:

MERIETE: i. Houdbaarheid van die aanklagte en skuldigbevinding aan Bedrog en Diefstal in die konteks van die Waterreg.

- ii. Die vatbaarheid van water in 'n openbare stroom vir diefstal.
- iii. Die juridiese houdbaarheid in hierdie saak van aanklagte ingevolge die bepalings van die Nuwe Wet.
- iv. Voldoening aan die vereistes van die legaliteitsbeginsel en die misdaadelemente wederregtelikheid en skuld.
- v. Houdbaarheid van feitebevindinge.

VONNIS: Redelikheid en juridiese houdbaarheid van die vonnisse

7. OPSOMMING VAN ARGUMENT:

- MERIETE:**
- i. Die behoud van die fundamentele gemeenregtelike oneerlikheidsmisdade bedrog en diefstal is van fundamentele belang--ook in die geval van regsvertakkinge wat gekodifiseer word, self al word uitvoerig vir spesifieke, en selfs oorvleuelende statutêre misdrywe voorsiening gemaak.
 - ii. Ingevolge die huidige wetgewing verskil die regsposisie wesenlik van die posisie in die gemenereg toe openbare water vryelik deur almal gebruik kon word. Die wederregtelike en opsetlike toe-eiening van water vanuit 'n openbare stroom stel tans diefstal daar.
 - iii. Die Nuwe Wet is op die appellante van toepassing: Daar is bloot sekere bepalings van die Ou Wet (bv tav besproeiingsrade) wat steeds ingevolge die Nuwe Wet bly geld en dus 'n tydelike uitbreiding van die bepalings van die Nuwe Wet daarstel.
 - iv. Die respondent argumenteer dat 'n korrekte interpretasie van die huidige regsposisie en die toepassing daarvan op die feite van hierdie saak, toon dat skuldigbevinding van die appellante op aanklagte 1 tot 4 aan die vereistes van die legaliteitsbeginsel en die misdaadelemente wederregtelikheid en skuld, voldoen.
 - iv. Die respondent voer aan dat die verhoorhof nie ten aansien van sy feitebevindinge gefouteer kan word nie. Die wyse waarop die verdediging van die appellante in die verhoorhof gevoer is, die kruisverhoor van die getuies en die stellings aan hulle gemaak, asook die versuim van die appellante om enige getuienis op die meriete aan te bied, is in hierdie konteks van wesenlike belang.
 - v. Die misdaadelemente van aanklagte 1 tot 4 verskil en die appellante kan aan al vier die aanklagte skuldig bevind word. Dit is gevolglik bloot argumenteerbaar dat skuldigbevindinge in gepaste gevalle saamgeneem behoort te word vir doeleindes van vonnis (soos die verhoorhof en die TPA wel gedoen het), ten einde 'n billike resultaat te verseker.

VONNIS: Respondent se submitisie is dat die effek van die vonnisse redelik is, maar dat die vonnisse, soos deur die TPA bewoord, moontlik tot praktiese probleme kan lei wat herbewoording daarvan verg.

8. GEDEELTES VAN DIE REKORD WAT NIE GELEES HOEF TE WORD NIE:

VOLUME 1:

p8-30

VOLUME 3:

p258 reël 9-p357 (uitspraak is duplikasie van uitspraak wat in vol 1 vervat is)

VOLUME 4:

p397-406; p420-473; p485-500B

VOLUME 5:

Hierdie volume bevat slegs die bewysstukke en hoef dus bloot vir naslaan van relevante bewysstukke gebruik te word.

VOLUME 6:

p615-645; p651-685

9. BRONNELYS:

NASLAANWERKE:

Barnard *Environmental Law for All* Impact Books CC, Pretoria, 1999
op p261-268

Joubert et al *LAWSA* Lexis Nexis Butterworths, Durban, 2004 (2e
uitg) 2004 vol 5(2) *Criminal Procedure* par 381

Schmidt *Bewysreg* Butterworths 2000 (4e uitg) op p83

HOFBESLISSINGS:

**A W BURMAN HOLDINGS (PTY) LTD v GREAT LETABA
IRRIGATION BOARD 1995 (3) SA 158 (T) op p160B-161C**

JOUBERT EN ANDERE v BENEDE-BLYDERIVIER

WATERGEBRUIKERSVERENIGING EN 'N ANDER 2007 (4) SA 80 (HHA) par 12-14, veral op p87H-88A

NAUDE EN ANDERE v HEATLIE EN ANDERE; NAUDE EN ANDERE v WORCESTER-OOS HOOFBESPROEINGSRAAD EN ANDERE 2001 (2) SA 815 (HHA) op p820B-E; p821I-823B

R v BLOM 1939 AD 188 op p202-203

S v AVION MOTOR ENTERPRISES (PTY) LTD 1978 (4) SA 692 (T) kopnota

S v FULLARD 1970 (2) SA 613 (K) op p614F-615B; p615H-616H

S v KGOSIMORE 1999 (2) SASV 238 (HHA) par 10 op p241E-G

S v NAGRANI 1997 (2) SASV 98 (W) op p98H-J en p105B


S v NAIDOO AND OTHERS 2003 (1) SASV 347 (HHA) kopnota; par 43 op p361C-E en veral par 50 op p363F

S v RESSEL 1968 (4) SA 224 (A) kopnota

S v WESTERN AREAS LTD AND OTHERS 2004 (4) SA 591 (W) par 26 op p603F-I [ook gerapporteer in **2004 (1) SASV 429 (W)**]

S v WITBOOI KPA saaknommer A875/04 (kopie aangeheg as AANHANGSEL "A") par 12-17 op p8-14

Aldus geteken te Pretoria op hierdie 15^e. dag vanJulie..... 2009.



LOUIS KOK
ADVOKAAT VAN DIE RESPONDENT
012-324 1616 (w) 083-625 1706(selfoon)
012-324 1617 (f)

IN DIE HOOGSTE HOF VAN APPÈL VAN SUID - AFRIKA
(gehou te Bloemfontein)

HHA SAAKNOMMER:

TPA SAAKNOMMER: A 774/07

In die saak tussen:

MOSTERT: JACOBUS PC (SNR)

APPELLANT 1

MOSTERT: JACOBUS PC (JNR)

APPELLANT 2

EN

DIE STAAT

RESPONDENT
(en Teenappellant)

RESPONDENT SE BETOOGSHOOFDE

NOTA: Die gesag waarna verwys word, word in die respondent se praktyksnota uiteengesit. In hierdie hoofde word gevolglik na hofbeslissings verwys deur (behalwe vir 'n enkele volledige sitasie tov elke beslissing), slegs die naam van die eerste party (of die beskuldigde ingeval van strafsake), te siteer.

SISTEMATIEK VAN RESPONDENT SE BETOOG

INLEIDING par 4-9

***ONDERWERP VAN DIE HUIDIGE APPÈL EN TEENAPPÈL* par 8-9**

I. AANKLAGTE 1 EN 2 (ONDERWERP VAN DIE TEENAPPÈL)
par 10-50

A. KODIFIKASIE EN GEMEENREGTELIKE MISDADE par 13-18

B. DIEFSTAL: OPENBARE WATER par 19-21

C. BEDROG: STRAFREGTELIKE REGSPILIG par 22-27

D. BEDROG EN DIEFSTAL: DIE WEDERREGTELIKHEIDSTOETS EN ALTERNATIEWE GELDIGE WATERGEBRUIKS-BEPERKINGS par 28-50

VERHOUDING TUSSEN DIE OU WET EN DIE NUWE WET
par 29-31

VERORDENINGE NIE 'N VOORVEREISTE NIE par 32-45

GEEN BASIS VIR VERWEER OP TYDSKEDULE GEBASEER NIE
par 46

GEVOLGTREKKING par 47-49

DIE STAAT SE VOORKEUR VIR BEDROG- EN DIEFSTAL-SKULDIGBEVINDINGS par 50

II. AANKLAGTE 3 EN 4 par 51-69

(ONDERWERP VAN DIE APPELLANTE SE APPÈL)

A. INSWERING VAN GETUIES par 51

B. FEITEBEVINDINGE par 52-59

C. VOORTBESTAAN VAN DIE BESPROEINGSRAAD EN SY BEVOEGDHEDE par 60-69

III. VERMENIGVULDIGING VAN SKULDIGBEVINDINGE

par 70-71

IV. VONNIS par 72-83

1. Die appellante het van die hof a quo verlof tot appèl teen die uitspraak van Hul

Edeles Regter Basson en Waarnemende Regter Smith ontvang en die respondent het eweneens verlof tot teenappèl ontvang.

2. Die appèl van die appellante is gerig teen die skuldigbevindinge op aanklagte 3 (Peuter met pompstasie 46 se meettoestel) en 4 (Optrede wat waterhulpbron [waarskynlik] nadelig [sal] raak—beide pompstasies), wat op appèl bekragtig is, asook teen die vonnis wat op appèl opgelê is.
3. Die respondent se teenappèl is gerig teen die tersydestelling van die skuldigbevindinge en vonnis wat deur die verhoorhof opgelê is ten opsigte van aanklagte 1 (Bedrog) en 2 (Diefstal).

INLEIDING

4. Die appellante het regsverteenvoordiging tydens die verhoor gehad.
5. Op die grondslag van 'n algehele ontkenning het die appellante onskuldig gepleit op al die aanklagte teen hulle en hulle het geen getuienis ter verdediging gelewer nie.
6. Die appellante het in die geheim (en bo redelike twyfel ook nie ooreenkomstig die skeduletye, wat hulle aanvaar het en voorgegee het te eerbiedig, nie), 'n onbekende hoeveelheid ongemeterde water deur twee pompstasies uit 'n openbare stroom gepomp. Die bestaan van een van die pompstasies het hulle op 'n bedrieglike wyse vir die besproeiingsraad en vir die waterfiskaal verberg. Hulle het dit eweneens bedrieglik vir hierdie outoriteite verberg dat hulle die watermeter van die pompstasie waarvan die outoriteite wel bewus was, by geleentheid buite werking gestel het, met die gevolg dat die hoeveelheid water wat deur daardie pompstasie gepomp is, nie behoorlik gemoniteer kon word nie.
7. Die verhoorhof het nie die beskuldigdes ten opsigte van die tydperke wat in die klagstaat met betrekking tot aanklagte 1-6 uiteengesit is, skuldig bevind "soos

aangekla” nie, maar het die tydperke waarop die skuldigbevindinge ooreenkomstig die getuienis gebaseer is in Vol 1 p92-94 (getikte p62-64) uiteengesit. Die appellante het versuim om enige getuienis te lewer wat hierdie en ander feitebevindings van die verhoorhof weerlê.

ONDERWERP VAN DIE HUIDIGE APPÈL EN TEENAPPÈL

8. Gevolglik is appellant 1 in die Landdroshof op al die aanklagte en appellant 2 op aanklagte 1 tot 6 skuldig bevind en gevonnissen -- vir volledige vonnisse met opskortingsvoorwaardes sien Vol 1 p95-96 (hulle het geen vorige veroordelings nie):

Aanklagte 1 en 2, wat die onderwerp van die teenappèl is, is deur die landdros saamgeneem vir doeleindes van vonnis:

1. Bedrog (slegs pompstasie 46);
2. Diefstal (slegs pompstasie 46.1):
 - R30 000 boete of 18 maande gevangenisstraf
 - opgeskort vir 5 jaar.

Aanklagte 3 en 4, wat die onderwerp van die appellante se appèl is, is op appèl deur die regters saamgeneem vir doeleindes van vonnis en die aangehaalde bewoording van die vonnisse (par 33.3 en 33.4 van die appèluitspraak) is dié van die regters wat vonnis opnuut oorweeg het:

3. Peuter met waterwerk of meettoestel (slegs pompstasie 46 meettoestel);
4. Optrede wat waterhulpbron (waarskynlik) nadelig (sal) raak (beide pompstasies 46 en 46.1):

“33.3 Die Eerste Appellant word gevonnissen tot ’n boete van R5,000.00 (VYFDUISEND RAND) wat aan die Besproeiingsraad betaal moet word binne 30 (DERTIG) dae van hierdie bevel by ontstentenis

waarvan die Eerste Appellant gevonniss word tot 6 (SES) maande gevangenisstraf;

33.4 Die Tweede Appellant word gevonniss tot 'n boete van R5,000.00 (VYFDUISEND RAND) wat aan die Besproeiingsraad betaal moet word binne 30 (DERTIG) dae van hierdie bevel by ontstentenis waarvan die Tweede Appellant gevonniss word tot 6 (SES) maande gevangenisstraf.”

9. Geen teenappèl is teen die handhawing van die appellante se appèl ten opsigte van aanklagte 5, 6 en 7 aangeteken nie:

Aanklag 5 -- Watergebruik anders as kragtens die Nasionale Waterwet, 36 van 1998 (die “Nuwe Wet”) toegelaat (beide pompstasies 46 en 46.1)

Aanklag 6 -- Versuim om inligting te gee soos kragtens die Nuwe Wet vereis (slegs pompstasie 46 se meterlesings)

Aanklag 7 (slegs appellant 1) -- Verhinderings van iemand in die uitoefening van 'n bevoegdheid of die verrigting sy pligte ingevolge die Nuwe Wet (toegang ontsê tot beide pompstasies 46 en 46.1)

I. AANKLAGTE 1 EN 2 (ONDERWERP VAN DIE TEENAPPÈL)

10. Dit is wel waar dat die appellante in aanklag 2 (diefstal van water deur middel van pompstasie 46.1), net soos in aanklag 1 (bedrog met verwysing na pompstasie 46), ook as eerste alternatief van bedrog aangekla kon gewees het en (*mutatis mutandis* op die feitebevindinge van verhoorhof), dan ook daar eerder aan bedrog skuldigbevind sou gewees het. Die feit dat dit onduidelik mag wees waarom bedrog nie ook as 'n eerste alternatief in aanklag 2 gestel is, soos in aanklag 1, nie, is egter nie relevant nie. Die vraag is eerder of daar wel diefstal gepleeg is. Die verhoorhof het klaarblyklik die noue verband tussen

aanklagte 1 en 2 besef en het gevolglik die twee aanklagte vir vonnisdoeleindes saamgeneem.

11. Tydens die appèl het die respondent nie toegegee dat daar 'n vermenigvuldiging van skuldigbevindinge was nie, maar het wel betoog dat die skuldigbevindinge aan bedrog en diefstal bekragtig behoort te word en dat enige probleem wat dan ten opsigte van verdere skuldigbevindinge mag ontstaan, met verwysing na die beginsels van vermenigvuldiging van skuldigbevindinge opgelos behoort word, indien nodig.
12. Die beginsels van vermenigvuldiging van skuldigbevindinge is egter nie die basis waarop die TPA die tersydestelling van die skuldigbevindinge op aanklagte 1 en 2 gefundeer het nie en die uitspraak soos dit nou staan skep nuwe reg ten aansien van die gelding van gemeenregtelike misdade na wetgewing oor 'n bepaalde onderwerp (in hierdie geval die Waterreg), wat die Staat in toekomstige vervolgings kan kortwiek.

A. KODIFIKASIE EN GEMEENREGTELIKE MISDADE

13. Daar word 'n fundamentele regsprobleem in paragraaf 13 van die TPA-appèluitspraak geskep. [Vol 6 p704 (getikte p16)-705]
14. **Paragraaf 13** skep 'n regspresedent wat mutatis mutandis op baie wette van toepassing gemaak kan word, met die gevolg dat gemeenregtelike misdade dan in vele gevalle (ten spyte van die bepalinge van **artikel 336 van die Strafproseswet** wat poog om sulke oorvleuelende misdade van krag te hou), nie van toepassing sou wees nie—selfs nie indien die optrede van die oortreders aan al die misdaadelemente van die gemeenregtelike misdade (bv bedrog of diefstal), sou voldoen nie:

“13. Myns insiens skep bogemelde wette hulle eie strafmaatreëls en was dit nooit die wetgewer se bedoeling om naas die statutêre misdrywe vervat in bogemelde twee wette ook oortreders bloot te stel aan gemeenregtelike vervolging, in gevalle waar hul optrede ook oorvleuelende elemente van bogemelde statutêre oortredings bevat [nie]. Na my mening, bygevolg, is dit onvanpas om die Appellante ook aan te kla vir gemeenregtelike strafregtelike oortredings soos bedrog en diefstal waar die elemente daarvan alreeds gedek word deur die statutêre bepalinge van die Waterwette voormeld. Dit volg dat klagtes 1 en 2 dus in die konteks van hierdie strafregtelike vervolging onvanpas was en derhalwe nie deur die Verhoorhof gehandhaaf moes gewees het nie.” [Vol 6 p704 (getikte p16)-705].

15. Bogemelde presedent is in stryd met die bestaande vervolgingspraktyk. Beskuldigdes word gereeld van gemeenregtelike misdade sowel as statutêre misdade aangekla, wanneer daar prima facie getuienis is dat die gedrag van oortreders aan die betrokke misdaadoms krywings voldoen.

16. Dit is die submissie van die respondent dat die behoud van gemeenregtelike misdade—ook waar daar uitvoerige wetgewing oor ‘n onderwerp uitgevaardig is—algemene erkenning in die Suid-Afrikaanse reg geniet.

Vgl in hierdie verband:

❖ **S v WESTERN AREAS LTD AND OTHERS 2004 (4) SA 591 (W)** par [26] op p603F/G - H waar die beskuldigde in die konteks van die Maatskappywet van bedrog aangekla en skuldig bevind is, hoewel daar statutêre alternatiewe beskikbaar was.

❖ **S v WITBOOI KPA saaknommer A875/04** (kopie aangeheg as AANHANGSEL “A”) par 12-17 op p8-14 waar dit blyk dat ons howe eerder worstel met die vraag watter rol die gemagtigde vonnis vir ‘n statutêre misdryf

by vonnisoplegging behoort te speel, waar die beskuldigde aan 'n gelykluidende gemeenregtelike misdaad skuldig bevind is. In die betrokke saak het die hof in par 12 op p9 aangedui dat die statutêre inkomstebelastingmisdryf in daardie geval identies aan die gemeenregtelike misdaad van bedrog was.

❖ **S v NAGRANI 1997 (2) SASV 98 (W)** op p98H-J en p105B waar die beskuldigde wat vals BTW-eise ingedien het aan bedrog, sowel as aan 'n statutêre misdryf van versuim om behoorlik rekord te hou, skuldig bevind is.

17. Hoewel die wetgewer oor die bevoegdheid mag beskik om gemeenregtelike misdade kasuïsties ten aansien van sekere regsgebiede af te skaf, behoort dit nie ligtelik as die geïmpliseerde bedoeling van die wetgewer aanvaar te word nie. Indien die wetgewer so 'n radikale stap ten aansien van geykte misdade soos bedrog en diefstal wou doen, sou dit sekerlik verwag kon word dat dit uitdruklik gedoen sou word: Anders sou dit groot regsonsekerheid skep in 'n gemeenskap wat deur die jare heen van die veronderstelling uitgegaan het dat bewys van voldoening aan die bekende misdaadelemente van bedrog en diefstal inderdaad tot 'n skuldigbevinding aan daardie misdade lei. Kasuïstiese afwykings van geykte beginsels is ongewens en in stryd met die ideaal van die uitbouing van algemeen geldende regsbeginsele wat fundamenteel tot die Suid-Afrikaanse reg is.

18. Bedrog en diefstal is die pilare waarop die strafbaarheid van oneerlikheid in die Suid-Afrikaanse reg gegrondves is. Dit is alombekend dat die pleging van hierdie misdade aan substansiële strawwe onderhewig is—in teenstelling tot die veel kleiner strawwe van 'n menigte statutêre misdade. Gevolglik is dit van groot belang dat die afskrikkingswaarde van hierdie twee steunpilare van ons strafregstelsel nie ondermyn moet word nie.

B. DIEFSTAL: OPENBARE WATER

- 19.**Paragraaf 13** van die uitspraak skep 'n verdere presedent wat toekomstige vervolgings weens diefstal van openbare water wesenlik kan affekteer. [Vol 6 p704 (getikte p16)-705]
- 20.Die uitspraak het tot gevolg dat oewereienaars soos die appellante in die geheim pompe mag oprig, dag en nag massiewe hoeveelhede water uit openbare strome mag pomp en die toesighoudende gesagsliggame 'n rat voor die oë mag draai deur byvoorbeeld valslik voor te gee dat die water uit boorgate gepomp word, sonder om die risiko van 'n diefsalskuldigbevinding te loop—tensy hulle watergebruik eksplisiet (en meer uitdruklik as wat tans die geval is) in wetgewing of in formele verordeninge beperk word. Sien in hierdie verband ook die submissies ten aansien van die wederregtelikheidstoets en alternatiewe geldige watergebruiksbeperkings elders in hierdie hoofde van betoog.
- 21.Die gesag dat water in 'n openbare stroom nie gesteel kan word nie, omdat dit *res communes* is, is verouderd en kan nie met die bedeling onder die **Waterwet, 54 van 1956 (die “Ou Wet”)**, of die **Nasionale Waterwet, 36 van 1998 (die “Nuwe Wet”)** versoen word nie. Dié beginsel het gegeld toe dit nie nodig was om toestemming van die owerheidsgesag te bekom om die water uit so 'n rivier uit te pomp nie. Art 3 van die Nuwe Wet plaas die waterhulpbronne bowendien uitdruklik onder die trusteeskap van die Nasionale Regering. Dit blyk ook uit art 4, gelees met art 34 van die Nuwe Wet dat watergebruik, en selfs “magtiging om bestaande wettige watergebruik voort te sit”, gevolglik aan beperkings (insluitend voldoening aan bestaande voorwaardes of verpligtinge), onderhewig is. [Ten aansien van die posisie in terme van die Ou Wet, sien bv **S v FULLARD 1970 (2) SA 613 (K)** op p614F-615B; p615H-616H. **Barnard Environmental Law for All** Impact Books CC, Pretoria, 1999 op p261-265 gee 'n

oorsig oor die regsontwikkeling tot en met die inwerkingtreding van die Nuwe Wet.]

C. BEDROG: STRAFREGTELIKE REGSPLIG

22. **Paragraaf 12** van die uitpraak [Vol 6 p703 (getikte p15)-704] bevat 'n regsbevinding dat daar 'n sivileregtelike verpligting op die appellante mag gerus het om korrekte watergebruikslesings te verskaf, maar dat daar nogtans nie in hierdie verband 'n strafregtelike plig op hulle gerus het nie en dat hulle dus nie onregmatig/wederregtelik opgetree het vir doeleindes van die misdaad van bedrog nie.

23. In **WESTERN AREAS LTD** par 26 op p603H-I het die hof egter tot die gevolgtrekking gekom dat die regspraak ten aansien van bedrog deur stilswee nie die vereiste stel dat die openbaringsplig self gekriminaliseer moet wees nie. Die vraag, teen die agtergrond van die omstandighede van elke saak, is eerder of 'n wanvoorstelling met bedrieglike opset gemaak is.

24. Die respondent se beswaar teen die regsbevinding dat daar geen strafregtelike plig op die appellante gerus het nie en dat hulle nie wederregtelik opgetree het vir doeleindes van die misdaad van bedrog nie, word versterk—

24.1. deur die bevinding in paragraaf 16 van die TPA-appèluitspraak [Vol 6 p706 (getikte p18)] dat die appellante wederregtelik gepeuter het met pompstasie 46 se meettoestel (**AANKLAG 3**); en

24.2. deur die volgende feitebevindinge van die TPA in paragrawe 17.3 en 17.4 [Vol 6 p706 (getikte p18)-p707]:

“17.3 Die optrede van die Appellante het ernstig ingedruis op die klaer se vermoë om die gebied te beheer en daardeur het die optrede van die

Appellante die klaer nadelig geraak of waarskynlik nadelig sou raak;

17.4 Die klaer is geskep en geïnkorporeer juis om die waterbronne in hulle gebied te beheer en tot almal se voordeel aan te wend. Die Appellante se optrede voormeld het ernstig inbreuk gemaak op klaer se bevoegdhede om hulle area, insoverre dit watergebruik aangaan, behoorlik te beheer.”

25.Die respondent se submissie is dat die wanvoorstelling van die appellante in die lig hiervan klaarblyklik nadeel, of ten minste potensiële nadeel, ingehou het wat nie regverdigbaar is, of ingevolge die beginsel *de minimis non curat lex* geïgnoreer behoort te word nie.

26.In die lig van die objektiewe redelikheidsmaatstaf wat vir die wederregtelikhedsvraag deurslaggewend is, is dit volgens die respondent nie moontlik om oortuigend te argumenteer dat die bedrieglike optrede van die appellante regmatig was nie.

27.Daar is ook geen basis vir ‘n argument dat die appellante nie die opset gehad het om deur hulle wanvoorstelling die monitorings- en beheerfunksies van die outoriteite in die wiele te ry nie.

D. BEDROG EN DIEFSTAL: DIE WEDERREGTELIKHEIDSTOETS EN ALTERNATIEWE GELDIGE WATERGEBRUIKSBEPERKINGS

28.‘n Vraag wat in die konteks van die legaliteitsvereiste en met betrekking tot die wederregtelikhedsvraag van belang is, is of die onttrekking van ongemeterde water deur pompstasies 46 en 46.1, ingevolge die betrokke wetgewing verbode

is, en of die optrede wat die appellante in die onderskeie misdade ten laste gelê word, as wederregtelik gebrandmerk behoort te word.

VERHOUDING TUSSEN DIE OU WET EN DIE NUWE WET

29. Ingevolge die oorgangsbepalings van die Nuwe Wet, is dit steeds die besproeiingsraad wat ooreenkomstig die bepalings van die Ou Wet die beheer en bestuur van die watertoedeling behartig. Die bepalings van die Nuwe Wet is wel op die appellante van toepassing, maar die bepalings van Ou Wet ten aansien van die pligte en bevoegdhede van die besproeiingsraad, asook al die regulasies en ander handeling kragtens die Ou Wet, is (tydelik) in die Nuwe Wet geïnkorporeer en met regsgeldigheid kragtens die Nuwe Wet bekleed. [Nuwe Wet art 98; art 163(3) en (4); Ou Wet art 79 et seq. Sien verder die regulasies in Vol 5 p507-510 wat onder andere bepaal dat geen nuwe waterwerk opgerig mag word of enige verandering aan 'n bestaande waterwerk sonder voorafmagtiging aangebring mag word nie—sien bv regulasie 6 op p510.]
30. Sien in hierdie verband ook **Barnard** *op cit* op p266-267 waaruit die toepaslikheid van die Nuwe Wet op alle watergebruikers duidelik blyk, self indien hulle by die inwerkingtreding daarvan bloot voortgegaan het met die uitoefening van hul bestaande regmatige gebruik van water:

“Existing lawful water users

... The present water right of the user is however not derived from the original basis, such as his riparian rights. The right is now founded on section 4(4) of the new Act that provides for the change in the basis of water rights previously vested. As water rights must be regarded as being conferred in terms of the new Act, they also have to be managed in terms of the new Act. They can

consequently be revoked, changed or confirmed in terms of the new Act.”

31. Gevolglik is alle geldige besluite en ander handelinge van die besproeiingsraad en sy organe kragtens die bepalings van die Nuwe Wet [art 98 en art 163(3)] geldig. Dit was dienooreenkomstig korrek om die appellante ingevolge die bepalings van die Nuwe Wet aan te kla met betrekking tot hulle optrede wat met die waterreguleringsbedeling van die besproeiingsraad in stryd was.

VERORDENINGE NIE ‘N VOORVEREISTE NIE

32. ‘n Regsbevinding van die TPA wat ‘n belangrike rol in die *ratio* van die hof gespeel het, is die volgende:

“8.5 Dit volg dus dat die werksaamhede, bevoegdhede of pligte van die klaer soos omskryf in paragrawe (a) tot (h) van Artikel 89(1) van die Waterwet, 1956, gedoen word deur publikasie in die Staatskoerant en die maak van verordenings.”

33. Hierdie regstandpunt het op appèl veral by die werregtelikheidsbevindinge ‘n belangrike rol gespeel om tot die beslissing te lei dat die appellante se optrede wat die basis van aanklagte gevorm het, in sommige gevalle nie wederregtelik was nie.

34. Dit is die submitisie van die respondent dat hierdie benadering foutief is (veral in die lig van die gesag tot daardie effek) en—

34.1. dat die klaer sy werksaamhede, bevoegdhede en pligte **nie noodwendig by wyse van verordenings** hoef te vervul en uit te oefen nie; en

34.2. dat die objektiewe **redelikheidsmaatstaf** in die lig van **al die omstandighede** [en nie slegs die vraag of verordenings gemaak is nie], ten aansien van die **wederregtelikheidsvraag** deurslaggewend is:

Sien byvoorbeeld **JOUBERT EN ANDERE v BENEDE-BLYDERIVIER WATERGEBRUIKERSVERENIGING EN 'N ANDER 2007 (4) SA 80 (HHA)** par 14 op p87H–88A:

“[14] Maatreëls is van die vroegste dae van waterbeheer in hierdie land ingestel om te sorg dat geen gebruiker water onredelik gebruik nie en dit het 'n leitmotief van die 1998 Wet geword: redelike gebruik is al waarop 'n oewereienaar geregtig is...

... Daarbenewens is sy lede se reg op watervoorsiening onderhewig aan die regte en verpligtinge wat hulle uit hoofde van die WGV se grondwet of hulle kontrakte met hom opgelê word. Dit help 'n lid van die WGV byvoorbeeld niks om hom op sy 1912 regte as oewereienaar te beroep as hy nie vir die water wat deur die WGV aan hom gelewer word betaal nie.⁹ 'n Mens sou kon sê dat die appellante se reg op water statutêr van oorsprong is, maar kontraktueel afgerond word.¹⁰” (my beklemtoning)

35.Opsommend word dit aan die hand gedoen dat die onttrekking van ongemeterde water deur die appellante teenstrydig was met die regsgeldige en bindende vereistes van die watermetingsstelsel wat deur die besproeiingsraad

⁹ Kragtens klousule 4.1.1.14 van die WGV se grondwet mag die Vereniging waterheffings aan sy lede oplê en mag kragtens klousule 4.1.1.15 watervoorsiening opskort aan enige lid wie se heffings agterstallig is. Klousule 7.2.2 bepaal dat kategorie B lede, lede wat wettige bestaande regte kragtens die 1998 Waterwet het, en wat die appellante insluit 'are responsible, besides their responsibility for water use charges levied in terms of ch V of the Act for any charges levied by the association to cover its expenses in fulfilling any of its functions'

¹⁰ Die Blyderivierbesproeiingsraad se bevoegdhede het byvoorbeeld ingesluit 'om met inagneming van bestaande regte toesig te hou oor en die distribusie en gebruik te reël van die water uit enigeen van of al die openbare strome in die besproeiingsdistrik, en vir daardie doel om die toestelle op te rig en in stand te hou om die vloei van daardie water te meet en te verdeel of om die uitkering daarvan te beheer wat 'n waterhof mag gelas of wat die raad by ontstentenis van so 'n lasgewing nodig ag, en om oor die algemeen oor die opgaring, uitkering en gebruik van water in openbare strome binne die bedoelde besproeiingsdistrik toesig te hou'. Die WGV het dieselfde bevoegdhede.”

geïmplementeer is en waaraan die appellante, in ooreenstemming met hulle ooreenkoms met die besproeiingsraad, voorgegee het om gehoor te gee. Dit is gevolglik ook in stryd met die bepalings van die Nuwe Wet.

36.Die appellante se regsplig om slegs gemeterde water te onttrek (of om andersins volgens 'n bepaalde tydskedule te pomp), is nie in 'n verordening omskryf nie, maar is gebaseer op 'n besluit van die besproeiingsraad, die kommunikasie van die besproeiingsraad met die appellante, en/of 'n ooreenkoms met die appellante; en die gevolglike implementering van die watermeterstelsel deur die appellante. Die toestemming wat die appellante gehad het om water te pomp, kan nie as verskoning vir hulle optrede dien nie, omdat dit slegs vir die pomp van a) gemeterde water (of andersins vir water wat volgens 'n bepaalde tydskedule gepomp word¹¹) en/of b) water wat uitgepomp word deur middel van pompe wat aan die besproeiingsraad geopenbaar is, gegeld het.

37.Die besproeiingsraad is met regspersoonlikheid bekleed. [Ou Wet art 79(2)] Dit word ter oorweging gegee dat die besproeiingsraad in die uitoefening van sy bevoegdhede regsgeldig kon handel deur byvoorbeeld besluite te neem en ooreenkomste aan te gaan. Die uitvaardiging van verordeninge ingevolge art 103 van die Ou Wet is 'n omslagtige proses wat kwaliks geskik kon wees as 'n voorvereiste vir die implementering van elke besluit van die besproeiingsraad ten aansien van elke aspek van 'n waterbeheerstelsel.

38.Ten minste die vinnige en effektiewe implementering van maatreëls in die geval van 'n krisis waar 'n dam byvoorbeeld breek, sou kwaliks doeltreffend kon wees indien die verordeningprosedure vereis sou word.

39.Dit is die submitisie van die respondente dat **FULLARD** op p614F-615B; p615H-616H 'n uiteensetting van die regsposisie bevat waaruit dit blyk dat die

¹¹ Daar sou wel regverdiging vir die pomp van ongemeterde water kon wees tydens 'n periode wat weerligskade dit byvoorbeeld noodsaak—mits daar aan die dan geldende maatreëls (soos tydskedules) voldoen is. [Cf Vol 2 p149 (getikte p49) reël 6-p150 reël 20.]

appellante in die huidige saak, selfs in die afwesigheid van enige verordenings deur die besproeiingsraad, nie regmatiglik pompstasie 46.1 kon oprig, of pompstasie 46 wesenlik kon verander het, sonder die skriftelike toestemming van die besproeiingsraad nie.

40. Sien in die algemeen **NAUDE EN ANDERE v HEATLIE EN ANDERE; NAUDE EN ANDERE v WORCESTER-OOS HOOFBESPROEINGSRAAD EN ANDERE 2001 (2) SA 815 (HHA)** veral op p821I-823B.

41. In **A W BURMAN HOLDINGS (PTY) LTD v GREAT LETABA IRRIGATION BOARD 1995 (3) SA 158 (T)** op p160B-161C word die verreikendheid van die magte wat ingevolge art 89 van die Ou Wet aan besproeiingsrade verleen word, beklemtoon en word strafregtelike vervolging uitdruklik as een van die toepaslike alternatiewe genoem:

“Die respondent Raad is, in terme van die Waterwet, onder meer belas met die taak om beheer uit te oefen oor die onttrekking van water uit die Groot Letaba rivier. **Ten einde sy beheer doeltreffend uit te oefen het die Raad twee meters by die appellant se pompstelsel laat installeer...**

Dit is gemeensaak dat die Minister van Waterwese, in terme van art 89(1) van die Waterwet, sekere bevoegdhede aan die Raad toevertrou het, insluitende die volgende (art 89(1)(d)):

'Om die onwettige uitneem of opgaring van openbare water of ondergrondse water te voorkom, of om enige obstruksie wat wederregtelik in 'n openbare stroom aangebring is, te laat verwyder, en om enige wederregtelike handeling te verhoed wat bereken is om die hoeveelheid water in enige gedeelte van die openbare stroom te verminder.'

Volgens my oordeel gee hierdie subartikel verreikende magte aan 'n Besproeiingsraad, en beoog dit robuuste en kragdadige optrede om te

verhinder dat onwettige uitneem van openbare water geskied. Die sinsnede, byvoorbeeld, dat die Raad 'enige wederregtelike handeling (kan)... verhoed' beoog die aanwending van eiereg...

Die teenargument is natuurlik dat **die Raad onwettige optrede kan teenwerk deur 'n strafvervolging** in terme van art 170 te inisieer, of 'n interdik aan te vra. Die antwoord is verstrek deur die landdros, dat sulke prosesse duursaam is, en dalk eers resultate lewer nadat onherstelbare skade reeds veroorsaak is. **Ek dink nie dat die Wetgewer beoog het dat 'n Raad beperk is** tot die langsame en dikwels ondoeltreffende metode van litigasie nie. Direkte en doeltreffende optrede word van 'n Raad verwag.” (my beklemtoning)

42.Dit is ook onnodig om ‘n verordening uit te vaardig wanneer die betrokkenes (wat per slot van rekening almal baat vind by ‘n regverdige en behoorlik geadministreerde waterbeheerstelsel) instem om saam te werk deur ‘n bepaalde stelsel te implementeer. Dit was hier die geval—die appellante het ingestem en die watermetingsstelsel geïmplementeer. Daar is selfs ‘n duidelike saak daarvoor uit te maak dat hulle die implementering van die watermetingsstelsel namens die besproeiingsraad gedoen het, sodat dit dan eintlik die besproeiingsraad self is wat die stelsel geïmplementeer het [Vol 5 p536]—dit sou kwaliks as regtens ongeldig gebrandmerk kon word terwyl dit bowendien op ‘n geldige besluit, waartoe die appellante boonop ingestem het, berus.

43.Sien in hierdie verband art 89(5) tot (7) van die Ou Wet ten aansien van die bevoegdhede van die besproeiingsraad om behoorlike watermeting (klaarblyklik sonder uitvaardiging van verordeninge) te bewerkstellig en die wederregtelikheid van optrede wat effetiewe watermeting kortwiek. Vol 5 p533 bevat die kennisgewing waarvolgens die besproeiingsraad met die wye bevoegdhede vermeld in art 89(1)(a)-(h) van die Ou Wet bekleed word, waarin

onder andere in art 89(1)(g) vir die aanbring van meettoestelle en die monitering van watervloei voorsiening gemaak word—wat klaarblyklik nie die uitvaardiging van verordenings vereis nie.

44. Soos op p12 par (f) van die appellante se betoogshoofde in die TPA-appel, met verwysing na Bewysstuk B [Vol 5 p596, par 7 en veral ook par 7.1] aangedui word, is 'n geldige besluit geneem om die WAM-stelsel te implementeer en dat die koste “op 'n eenvormige basis volgens ingelyste hektare” van die besproeiërs verhaal sou word. Hierdie bewoording dui ten minste prima facie daarop dat die besproeiërs almal deur hierdie besluit gebind is.

45. Die argument in die appellante se betoogshoofde in die TPA [p12 par (i), gelees met p9 par (b)] dat dit “nie duidelik (is) of alle besproeiërs die WAM moes installeer en of daar steeds 'n keuse (was)”, wat van die vraag of hulle T2-tariewe wou gebruik, afgehang het nie, is blote spekulasie en is op geen behoorlike getuienisbasis gefundeer nie. [Sien ook die appellante se betoogshoofde wat voor hierdie hof dien p14-15 par (f)-(g).] Die appellante het selfs hulle aanvaarding van hierdie besluit te kenne gegee en voorgegee dat hulle daaraan vodoen. Dit bekragtig die geldigheid en bindingskrag van die sisteem verder. Die beroep op die boere om met hierdie geldige besluit saam te werk [appellante se betoogshoofde in die TPA p12 par (g) en hulle betoogshoofde wat voor hierdie hof dien p14 par (f) en p56], kan geen afbreuk doen aan die geldigheid van die besluit (en die appellante se aanvaarding daarvan) nie.

GEEN BASIS VIR VERWEER OP TYDSKEDULE GEBASEER NIE

46. Die appellante het aan die besproeiingsraad en aan die waterfiskaal voorgegee dat hulle slegs gemeterde water pomp. Hulle was egter oneerlik deur heimlik

die meter van pompstasie 46 by tye te ontkoppel en deur eweneens in die geheim 'n verdere pompstasie (46.1) op te rig om dag en nag ongemeterde water te pomp. Om in hierdie omstandighede te beweer dat daar geen regsplig op hulle gerus het om slegs gemeterde water te pomp nie, sou nie met die objektiewe redelikhedsmaatstaf strook nie. Die appellante het voorgegee dat hulle meterlesings 'n korrekte weergawe van hulle watergebruik reflekteer. Hulle het dus nooit eers voorgegee dat hulle volgens 'n tydskedule water gepomp het nadat die weerligskade herstel is nie. Gevolglik is hulle argument dat die Staat nie bewys het dat dat hulle nie volgens 'n tydskedule gepomp het nie, kragteloos.

GEVOLGTREKKING

47. Dienooreenkomstig is dit die submissie van die respondent—

- 47.1. dat daar in die konteks van die strafreg 'n regsplig op die appellante gerus het om **eerlik en redelik** op te tree in hul **verskaffing van watergebruiksinligting** aan die owerhede;
- 47.2. dat daar in die konteks van die strafreg ook 'n regsplig op die appellante gerus het om **eerlik en redelik** op te tree in die pomp van water uit die openbare stroom;
- 47.3. dat die **oneerlike** en/of **onredelike** gedrag van die appellante inderdaad as wederregtelik aan te merk is;
- 47.4. dat dit die respondent regtens vrygestaan het om hulle van al 7 die misdrywe aan te kla;
- 47.5. dat hulle, benewens statutêre oortredings, ook die misdade bedrog en diefstal gepleeg het.

48. Die objektiewe redelikhedsmaatstaf is deurslaggewend ten aansien van die

wederregtelikhedsvraag. Dié maatstaf impliseer 'n billike afweging van belange en laat hom nie misbruik om oneerlike optrede (soos dié van die appellante) in stryd met wetgewende maatreëls en die gemenereg, as regmatig te bestempel ten koste van die belange van almal wat 'n belang by die billike toedeling van water en die effektiewe monitering en beheer van watergebruik het nie.

49. Voortdurende en akkurate monitering van die hoeveelheid water wat deur elke reghebbende op 'n waterkwota gepomp word, is klaarblyklik 'n uiters belangrike voorvereiste vir die doeltreffendheid van die waterbeheersisteen waarvoor die besproeiingsraad en die waterfiskaal verantwoordelik is. Inbreuk daarop deur oneerlike ontduiking van akkurate watermeting, stel noodwendig nadeel daar vir doeleindes van die misdaad van bedrog en dit moet ook by die belange-afwegingsproses in die weegskaal geplaas word wanneer die wederregtelikhedsvraag by toepaslike misdade oorweeg word.

DIE STAAT SE VOORKEUR VIR BEDROG- EN DIEFSTAL-SKULDIGBEVINDINGS

50. Die respondent bevestig sy standpunt wat *viva voce* tydens die appèlargument ingeneem is, dat die aanklagte wat ten beste uitdrukking aan die oneerlike en onredelike optrede van die appellante gee, juis die aanklagte van bedrog en diefstal (aanklagte 1 en 2) is. Die staat het die keuse watter aanklagte teen 'n beskuldigde ingebring word. (Vgl Joubert et al *LAWSA* Lexis Nexis Butterworths, Durban, 2004 (2e uitg) 2004 vol 5(2) *Criminal Procedure* par 381.) Gevolglik is dit die submissie van die respondent dat hierdie twee skuldigbevindings en die vonnisse daarvoor opgelê, as eerste prioriteit gehandhaaf behoort te word en dat enige argument ten aansien van

vermenigvuldiging van skuldigbevindinge wat geopper mag word, volgens die normale regsbeginsels hanteer behoort te word.

II. AANKLAGTE 3 EN 4

(ONDERWERP VAN DIE APPELLANTE SE APPÈL)

A. INSWERING VAN GETUIES

51. Dit is die submitisie van die respondent dat daar geen meriete in die betoog van die appellante is dat die getuienis van Madoena buite rekening gelaat moet word omdat hy nie behoorlik ingesweer is nie. [Appellante se Betoogshoofde par 11.1.2-11.1.6 op p20-22] Soos in par 11.1.4 van die Appellante se Betoogshoofde toegegee word, het die landdros die tolk persoonlik aangesê om die getuie “in te sweer”. Dit is geykte praktyk dat landdroste Engels of Afrikaans in die howe praat en dat ‘n tolk gebruik word wanneer met getuies in enige ander taal gekommunikeer moet word – dit sluit ook die situasie in waar die getuies in ‘n ander taal ingesweer moet word. ‘n Opdrag van die landdros om die bewoording van die inswering in die ander taal aan die getuie voor te hou, kom op die keper beskou daarop neer dat die inswering inderdaad steeds deur die landdros geskied, hoewel dit deur middel van ‘n tolk gedoen word. Dit sou pedanties wees om te vereis dat die landdros telkens die geykte bewoording van die inswering aan die tolk moes voorsê. Bowendien maak art 165 van die Strafproseswet uitdruklik daarvoor voorsiening dat die inswering in die teenwoordigheid van die regsprekende beampte deur die tolk gedoen kan word. Die gesag waarna die appellante in hulle betoogshoofde verwys, doen hieraan geen afbreuk nie.

B. FEITEBEVINDINGE

52. Soos hierbo aangetoon, kan die argumente ten aansien van die feitebevindinge van die verhoorhof en van die TPA nie suksesvol aangeval word met verwysing na die inswering van getuies nie.
53. Benewens die geykte beginsels ten aansien van inmenging met feitebevindinge op appèl, word die meriete van die argumente van die appellante teen die feitebevindinge in die besonder gekortwiek deur—
- 53.1. die basis waarop hulle verdediging in die verhoorhof gevoer is, soos dit uit die kruisverhoor en die stellings wat aan die getuies gemaak is, blyk; en
- 53.2. die feit dat die appellante geen getuienis ter verdediging gelewer het om die prima facie saak wat deur die Staat uitgemaak is, te weerlê nie.
54. Die feitebevindinge van die verhoorhof word in groot detail in die uitspraak uiteengesit en word saamgevat in Vol 1 p86 (getikte p56) reël 1-27. Die uitspraak sluit talle feitebevindinge in waarop ‘n menigte alternatiewe tot die primêre *ratio decidendi* van die verhoorhof gefundeer kan word. Ten einde veelvuldige herhalings in die stukke te voorkom, sal hier slegs kursories na die mees relevante feitebevindinge verwys word, ten einde ‘n geheelbeeld te skep. Die menigte alternatiewe *rationes* (wat oor die algemeen vanselfsprekend volg), sal ook sover moontlik in die belang van bondigheid vermy word.
55. Dit is duidelik dat die appellante as vader en seun op ‘n baie noue grondslag gesamentlik die boerdery bedryf en bestuur het. Dit is haas ondenkbaar dat een van hulle enigsins onkundig kon wees ten aansien van die ander se toepaslike aktiewiteite, asook die beheermaatreëls van toepassing op die kritiese kwessie van die pomp van water. Die getuienis van Madoena dat appellant 2 op instruksies van appellant 1 opgetree het, bevestig dit verder. [Vol 3 p248

(getikte p147) reël 23-25.]

56.Die staatsgetuies Du Toit (Waterfiskaal), De Beer (elektrisiën) en Sambo (buurman wat getuig het oor klaarblyklik buitensporige watergebruik), het 'n gunstige indruk op die hof gemaak. Ten spyte van enkele gebreke in Madoena se getuienis, het die hof nietemin bevind dat toepaslike getuienis wat hy gelewer het betroubaar is en dat dit tot staving van die staatsaak dien. Dit is die submitisie van die respondent dat Madoena klaarblyklik eerlik en betroubaar getuig het, ten spyte van die feit dat hy die diens van die appellante verlaat het weens sy besware teen die behandeling wat sy vrou daar as werknemer ontvang het: Hy het geensins probeer om appellant 1 **direk** ten aansien van die aktiwiteite by die pompstasies te inkrimineer nie, ten spyte van die feit dat daar sterk druk op hom was om dit te doen, met verwysing na sy polisieverklaring. [Vol 3 p248 (getikte p147) reël 6-13] Hy het nietemin nie voor die druk geswig nie, maar konsekwent by sy weergawe in die hof gehou—die weergawe strook nie alleen volkome met die ander getuienis en met die waarskynlikhede nie, maar dit is ook **nie deur die beskuldigdes weerlê nie**. Daarbenewens is die verskille met sy polisieverklaring nie wesenlik nie en dit is volgens algemene ervaring die tipe foute wat baie maklik in 'n polisieverklaring insluip, selfs in gevalle waar daar nie, soos in hierdie geval, van 'n tolk gebruik gemaak is nie. [Vol 3 p250 (getikte p149) reël 20-25. Sien ook Vol 3 p247 (getikte p146) reël 8-14 waar die verskil klaarblyklik daaraan te wyte is dat die polisie hoorsêgetuienis in die verklaring ingesluit het.]

57.Dienooreenkomstig is daar in die getuienis, soos ondersteun deur die waarskynlikhede, 'n prima facie saak uitgemaak dat die appellante in hulle relevante aktiwiteite deurentyd 'n gemeenskaplike oogmerk nagestreef het—onafhanklik van die vraag watter appellant persoonlik die relevante aksies uitgevoer het. [Vol 3 p248 (getikte p147) reël 23-25.] Die versuim van die

appellante om getuienis te lewer om hierdie logiese afleiding te weerlê, het tot gevolg dat dit bo redelike twyfel vasstaan.

58.Die appellante kan dienooreenkomstig nie die skuldigbevindinge bloot op grond van vindingryke hipoteses ontwyk nie. Selfs indien 'n suiwer objektiewe maatstaf soos die uitskakeling van enige *redelike* hipotese wat met die getuienis strook, toegepas word, word daar ruimte vir normale swakhede in die staatsaak gelaat. Dit is nie enige spekulatiewe hipotese wat deur die getuies vir die Staat uitgesluit moet word nie, maar slegs alle redelike hipoteses wat met die bewese feite strook. (Cf **Schmidt Bewysreg** Butterworths 2000 (4e uitg) op p83 en die *locus classicus* **R v BLOM 1939 AD 188** op p202-203.)

59.By wyse van 'n kursoriese feite-oorsig, staan dit dus vas dat die appellante:--

59.1. gepeuter of ingemeng het met pompstasie 46 en die meettoestel wat daaraan verbonde was, deur die elektriese stroombaan te verander sodat die meettoestel nie al die water wat gepomp is, geregistreer het nie (dmv peutering aan die drade en/of die Hengsler tellertjie); **[aanklag 3]** **[Du Toit: Vol 2** p126 (getikte p26) reël 19-p127 reël 22; p138 (getikte p38) reël 17-p139 reël 20; Vol 2 p188 (getikte p88) reël 2-p193 reël 21; p196 (getikte p96) reël 4-14; **De Beer: Vol 3** p217 (getikte p116) reël 6-p218 reël 7; p219 (getikte p118) reël 11-p227 reël 7; p229 (getikte p128) reël 12-17; p230 (getikte p129) reël 23-p231 reël 10; staving is te vinde in die direkte getuienis van **Madoena: Vol 3** p241 (getikte p140) reël 9-20; p243 (getikte p142) reël 18-20; p248 (getikte p147) reël 17-20]

59.2. deur die onttrekking van water (deur middel van pompstasies 46 en 46.1), die betrokke waterhulpbron nadelig geraak het of waarskynlik sou raak; **[aanklag 4]** **[Sambo (buurman)** getuig oor klaarblyklik buitensporige watergebruik—**Vol 3** p252 (getikte p151) reël 17-p253

reël 25; p254 (getikte p153) reël 11-13; p255 (getikte p154) reël 7-9. Hy word gestaaf deur **Madoena: Vol 3** p239 (getikte p138) reël 13-16. Sien in die algemeen **Barnard op cit** op p268 *in initio* waar die belang van enige aktiwiteit wat stroomvloei verminder, behandel word.]

- 59.3. deur die onttrekking (deur middel van pompstasies 46 en 46.1) en toe-eiening van ongemeterde water (soos ook na verwys ten opsigte van aanklagte 3 en 4), water toege-eien het anders as wat regtens toegelaat word [**aanklag 2**] [Sien die verwysing hierbo na **Barnard op cit** op p268 *in initio* waar die belang van enige aktiwiteit wat stroomvloei verminder, behandel word.]
- 59.4. versuim het om (korrekte) inligting aangaande die watermeterlesings van pompstasie 46 aan die besproeiingsraad en/of aan waterfiskaal Du Toit te gee ter benadeling van die moniterings- en beheerfunksies van die outoriteite; [**aanklag 1**] [Vol 2 p132 (getikte p32) reël 9-16; p133 reël 8-25]
- 59.5. die besproeiingsraad en waterfiskaal Du Toit in die uitoefening van hulle bevoegdhede en die verrigting van hulle pligte ingevolge die Nuwe Wet, gekortwiek het, deur aan hulle vrye toegang tot die plaas Dadelvlak 506 JU om pompstasies 46 en 46.1 te inspekteer, te ontsê en daardeur die afleiding van opset aan hulle kan versterk het; [**aanklagte 1 en 2**] [Vol 2 p120 (getikte p20) reël 22-p121 reël 7; p198 (getikte p98) reël 1-p199 reël 9]
- 59.6. die wanvoorstelling aan die Staat, aan die besproeiingsraad en aan waterfiskaal Du Toit gemaak het dat hulle die hoeveelheid water wat op pompstasie 46 se meter geregistreer het, uit die rivier onttrek het, terwyl hulle in werklikheid meer water onttrek het; [**aanklag 1-**

bedrog] [Dit spreek vanself omdat die watermeter uitgeskakel is. Sien ook Vol 2 p138 (getikte p38) reël 17-p139 reël 20.]

- 59.7. deur bogemelde wanvoorstelling nadeel of potensiële nadeel geskep het vir die Staat en vir die effektiewe uitoefening van die bevoegdhede en die effektiewe verrigting van die pligte van die besproeiingsraad en waterfiskaal Du Toit; **[aanklag 1-bedrog]** [Vol 2 p131 (getikte p31) reël 4-25; p132 (getikte p32) reël 17-25 tav die monitering van weeklikse allokasies en gevolglik ook die “**redelikheid**” van die watergebruik wat nie net van die jaarlikse kwota afhang nie, maar ook van die tydstip waarop die water onttrek word—sien bv **JOUBERT** par 14 op p87 *in fine*—p88 *in initio*. Sien ten aansien van die aard van nadeel en potensiële nadeel, asook die feit dat dit nie eers nodig is om te beweer dat die wanvoorstelling aan ‘n bepaalde persoon gemaak is nie **S v RESSEL 1968 (4) SA 224 (A)** en **S v AVION MOTOR ENTERPRISES (PTY) LTD 1978 (4) SA 692 (T)**, soos opgesom in die kopnotas.]
- 59.8. die ongemeterde water wat hulle deur middel van pompstasies 46 en 46.1 onttrek het, vir hulleself toege-eien het; [*contrectatio* soos vir diefstal vereis; **[aanklag 2-diefstal]** (en die alternatief tot aanklag 1)][Madoena getuig met verwysing na pompstasie 46.1 dat dit inderdaad water na die besproeiingsdam toe gepomp het—Vol 3 p237 (getikte p136) reël 15-19; p238 (getikte p137) reël 18-21. Hieroor het appellant 2 ‘n leuen aan Du Toit vertel deur voor te gee dat die dam se water deur boorgate voorsien word—Vol 2 p108 (getikte p9) reël 1-18. Sien ook Du Toit wat getuig dat hy die geheime pompstasie 46.1 “ontdek” het—Vol 2 p105 (getikte p6) reël 1-7.]
- 59.9. die nodige **opset gehad het om al bogenoemde** (asook die ander feite

wat deur die verhoorhof bevind is), **te dek** en (ten minste) daarvan bewus was dat hulle optrede moontlik wederregtelik was;

